EXTRAORDINARY

# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

10c — Monday 22 April 1974 — WINDHOEK — Maandag 22 April 1974 — No. 3392

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

### DEPARTMENT OF COMMERCE

No. R. 623 — 11 April 1974

NATIONAL SUPPLIES PROCUREMENT ACT, 1970

REGULATIONS RELATING TO THE DISPOSAL OR USE OF MOTOR VEHICLE FUEL

I, Stefanus Louwrens Muller, Minister of Economic Affairs, do hereby, in terms of section 2 (b) and 10 (b) of the National Supplies Procurement Act, 1970 (Act 89 of 1970), prescribe as follows:

1. (1) In these regulations, unless the context otherwise indicates—

"bulk consumer" means any person who receives petrol into an underground tank for his own use or consumption direct from a wholesale distributor;

"diesel oil" includes any mixture of diesel oil with any other substance, capable of being used as a fuel in the operation of compression ignition engines;

"fuel", in relation to a motor vehicle or vessel, includes diesel oil, gas, petrol or any other substance capable of being used as a fuel in the operation of compression or spark ignition engines;

"gas" means liquid petroleum gas suitable for use as a fuel in the operation of spark ignition engines;

"magistrate" means a magistrate in the Department of Justice of the Republic and includes a magistrate in a Bantu Homeland or a Bantu Affairs Commissioner;

"notice" means a notice under section 2 (b) of the National Supplies Procurement Act, 1970 (Act 89 of 1970);

"permit" means a fuel permit on Form H262 contemplated in regulation 3, in terms of which authority is granted to any specified person to have in his possession or under his control a larger quantity of petrol than 10 litres in a container or containers other than the tank of a motor vehicle or vessel;

"petrol" includes any mixture of petrol with any other substance, capable of being used as a fuel in the operation of spark ignition engines but does not include petrol for use in the operation of the engine of an aircraft or an aeroplane;

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

### DEPARTEMENT VAN HANDEL

No. R. 623 — 11 April 1974

WET OP DIE VERKRYGING VAN LANDSVOORRADE, 1970

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE BESKIKKING OOR OF DIE GEBRUIK VAN MOTORVOERTUIGBRANDSTOF

Ek, Stefanus Louwrens Muller, Minister van Ekonomiese Sake, bepaal hierby ingevolge artikels 2 (b) en 10 (b) van die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970 (Wet 89 van 1970), soos volg:

1. (1) In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"brandstof" met betrekking tot 'n motorvoertuig of -vaartuig, ook dieselolie, gas, petrol of enige ander stof wat geskik is vir gebruik as brandstof vir die werking van kompressie- of vonkontstekingsenjins;

"dieselolie" ook 'n mengsel van dieselolie met enige ander stof, wat as brandstof vir die werking van kompressieontstekingsenjins gebruik kan word;

"gas" vloeibare petroleumgas wat geskik is vir gebruik as brandstof vir die werking van vonkontstekingsenjins;

"groothandelverspreider" enigeen van die volgende maatskappye:

(a) B.P. Southern Africa (Pty) Limited;
(b) Caltex Oil (South Africa) (Pty) Limited;
(c) Esso Standard South Africa (Pty) Limited;
(d) Mobil Oil Southern Africa (Pty) Limited;
(e) Natal Cane By-Products Limited;
(f) Shell and B.P. Service Company (Pty) Limited;
(g) Shell Company of South-West Africa (Pty) Limited;
(h) Shell South Africa (Pty) Limited;
(i) Sonarep (South Africa) (Pty) Limited;
(j) South African Torbanite Mining and Refining Company Ltd;
(k) Total South Africa (Pty) Limited;
(l) Sasol Marketing Company Limited;
(m) Trek-Petroleum (Pty) Limited;

"herverkoper" met betrekking tot die verskaffing van petrol, iemand wat, hetsy hy volgens reëlings met 'n groothandelverspreider 'n petrolpomp in bedryf het of nie

"reseller", in relation to the supply of petrol, means any person who, whether he operates a petrol pump by arrangement with a wholesale distributor or not, obtains petrol direct from a wholesale distributor and sells it in the course of or as part of the activities of a business carried on by him;

"tank", in relation to a motor vehicle or vessel, means the tank which is fitted to the motor vehicle or vessel and which—

(a) is the original tank fitted by the manufacturer to the motor vehicle or vessel; or

(b) is in accordance with the original content specification of the manufacturer; or

(c) in the absence of such specification, contains, in the case of a motor vehicle constructed or adapted solely or mainly for the carriage of persons and designed to seat not more than nine persons or a vessel propelled by one or more outboard engines, never more than 80 litres petrol and, in the case of any other motor vehicle or vessel propelled by one or more inboard engines, never more than 200 litres of petrol;

"wholesale distributor" means any one of the following companies:

(a) B.P. Southern Africa (Pty) Limited;

(b) Caltex Oil (South Africa) (Pty) Limited;

(c) Esso Standard South Africa (Pty) Limited;

(d) Mobil Oil Southern Africa (Pty) Limited;

(e) Natal Cane By-Products Limited;

(f) Shell and B.P. Service Company (Pty) Limited;

(g) Shell Company of South-West Africa (Pty) Limited;

(h) Shell South Africa (Pty) Limited;

(i) Sonarep (South Africa) (Pty) Limited;

(j) South African Torbanite Mining and Refining Company Ltd;

(k) Total South Africa (Pty) Limited;

(l) Sasol Marketing Company Limited;

(m) Trek-Petroleum (Pty) Limited.

(2) A form referred to by number in these regulations means the form set out under that number in the Schedule to these regulations.

2. (1) Subject to any conditions imposed by notice to a reseller and subject to the provisions of subregulations (2), (5), (6), (7) and (11)—

(a) no reseller shall at any time sell petrol to any other person otherwise than at the customary price;

(b) no person whosoever shall sell or in any other way whatever dispose of petrol for a consideration at any time other than—

(i) between 6 o'clock in the forenoon and 6 o'clock in the afternoon from Monday to Friday, both days inclusive; and

(ii) between 6 o'clock in the forenoon and 10 o'clock in the afternoon on 24 April 1974.

(2) The provisions of subregulation (1) shall not be construed as prohibiting the supply of petrol for a consideration direct into the tank of a motor vehicle, if the petrol is supplied by a reseller by means of a petrol pump—

(a) to the driver of a taxi between 4 and 6 o'clock in the afternoon on a Saturday against the surrender in respect of the quantity of petrol supplied or received, of authority forms (H265) which are valid on the date of supply and on which the registration number of the taxi concerned is recorded; or

petrol regstreeks van 'n groothandelverspreider bekom en dit in die loop van of as deel van die bedrywighede van 'n besigheid deur hom gedryf, verkoop;

"kennisgewing" 'n kennisgewing kragtens artikel 2 (b) van die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970 (Wet 89 van 1970);

"landdros" 'n landdros in die Departement van Justisie van die Republiek en ook 'n magistraat in 'n Bantoetuisland of 'n Bantoesakekommissaris;

"massaverbruiker" iemand wat vir sy eie gebruik of verbruik petrol regstreeks van 'n groothandelverspreider in 'n ondergrondse tenk ontvang;

"permit" 'n brandstofpermit op vorm H262 in regulasie 3 beoog waarkragtens magtiging aan 'n bepaalde persoon verleen word om in sy besit of onder sy beheer 'n groter hoeveelheid petrol as 10 liter in 'n ander houer of houers te hê as in die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig;

"petrol" ook 'n mengsel van petrol met enige ander stof, wat as brandstof vir die werking van vonkontstekingsenjins gebruik kan word maar nie petrol vir gebruik vir die werking van die enjin van 'n lugvaartuig of vliegtuig nie; en

"tenk" met betrekking tot motorvoertuig of -vaartuig, die tenk wat aan die motorvoertuig of -vaartuig aangebring is en wat—

(a) die oorspronklike tenk is wat die vervaardiger aan die motorvoertuig of -vaartuig aangebring het; of

(b) volgens die oorspronklike inhoudspesifikasie van die vervaardiger is; of

(c) by ontstentenis van genoemde spesifikasie, in die geval van 'n motorvoertuig gebou of aangepas uitsluitlik of hoofsaaklik vir die vervoer van persone en ontwerp met sitplekke vir hoogstens nege persone of 'n vaartuig wat deur een of meer buiteboordmotore aangedryf word, nooit meer as 80 liter petrol en, in die geval van enige ander motorvoertuig of 'n -vaartuig wat deur een of meer binneboordmotore aangedryf word, nooit meer as 200 liter petrol bevat nie.

(2) 'n Vorm waarvan die nommer in hierdie regulasies genoem word, beteken die vorm wat onder daardie nommer in die Bylae van hierdie regulasies uiteengesit word.

2. (1) Behoudens enige voorwaarde opgelê by kennisgewing aan 'n herverkoper en behoudens die bepalings van subregulasies (2), (5), (6), (7) en (11), mag—

(a) geen herverkoper te eniger tyd petrol anders as teen die gebruiklike prys aan iemand anders verkoop nie; en

(b) niemand hoegenaamd petrol verkoop of, op enige ander wyse hoegenaamd teen vergoeding daaroor beskik nie op 'n ander tyd as—

(i) tussen 6-uur in die voormiddag en 6-uur in die namiddag vanaf Maandag tot en met Vrydag; en

(ii) tussen 6-uur in die voormiddag en 10-uur in die namiddag op 24 April 1974.

(2) Die bepalings van subregulasie (1) word nie so uitgelê as sou dit die verskaffing van petrol teen vergoeding regstreeks in die tenk van 'n motorvoertuig verbied nie indien die petrol deur 'n herverkoper deur middel van 'n petrolpomp verskaf word—

(a) aan die bestuurder van 'n taxi tussen 4- en 6-uur in die namiddag op 'n Saterdag teen die oorhandiging ten opsigte van die hoeveelheid petrol verskaf of ontvang, van magtigingsvorms (H265) wat geldig is op die datum van verskaffing en waarop die registrasienommer van die betrokke taxi aangeteken is; of

(b) on a Saturday or a Sunday to a consumer of petrol in one of the following categories at his special request:

(i) A medical practitioner;

(ii) a veterinary surgeon;

(iii) an ambulance service;

(iv) a blood transfusion service;

(v) a police officer, as defined in section 1 of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act 56 of 1955);

(vi) a traffic officer in the employment of a province, the Administration of South-West Africa or a local authority;

(vii) any person who receives petrol in accordance with an authority granted in terms of subregulation (11).

(3) Any person who wishes to obtain authority forms (H265) in respect of any taxi operated by him, shall submit to the Controller of Petroleum Products, Private Bag X457, Pretoria (Postal Code 0001), a written application—

(a) in which is furnished—

(i) the name and address of the applicant;

(ii) the registration number of such taxi; and

(iii) the number of the insurance declaration token issued in respect of such taxi for the period ending 30 April 1974 or 1975 under the Compulsory Motor Vehicle Insurance Act, 1972 (Act 56 of 1972) and the group reference of the insured vehicle.

(b) which is accompanied by the motor carrier certificate or the confirmation of validity of any motor carrier certificate issued in respect of such taxi for the period ending 30 June 1974 under the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act 39 of 1930).

(4) (a) When any application under subregulation (3) is received by the Controller of Petroleum Products, he may in his discretion issue authority forms (H265) to the applicant who shall record the registration number of the taxi concerned on such forms.

(b) The motor carrier certificate or exemption or the confirmation of validity of motor carrier certificate, as the case may be, which accompanied the application shall be returned to the applicant together with the authority forms (H265).

(5) A reseller shall record the following information in regard to:

(a) Any transaction on any particular Saturday upon which; and

(b) any petrol pump by means of which;

petrol is supplied under subregulation (2) (a), on a separate page of a book to be supplied and kept by him—

(i) The date of any such Saturday, at the top of the page;

(ii) the reading on the meter of any such petrol pump as at 4 o'clock and as at 6 o'clock in the afternoon of such Saturday;

(iii) the aggregate of the quantities of petrol, according to such readings, supplied under subregulation (2) from 4 to 6 o'clock in the afternoon on such Saturday;

(iv) the numbers of the authority forms (H265) against the surrender of which petrol was supplied;

(v) the quantity of petrol supplied to the driver of any particular taxi and the aggregate of all such quantities;

(vi) the aggregate of the quantities of petrol supplied under subregulation (2) (b) from 4 to 6 o'clock in the afternoon on such Saturday; and

(vii) the sum of the aggregates referred to in paragraphs (v) and (vi).

(b) op 'n Saterdag of Sondag aan 'n verbruiker van petrol in een van die volgende kategorieë op sy spesiale versoek:

(i) 'n Geneesheer;

(ii) 'n veearts;

(iii) 'n ambulansdiens;

(iv) 'n bloedoortappingsdiens;

(v) 'n polisiebeampte, soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1955 (Wet 56 van 1955);

(vi) 'n verkeersbeampte in diens van 'n provinsie, die Administrasie van Suidwes-Afrika of 'n plaaslike owerheid;

(vii) 'n persoon wat petrol ontvang ooreenkomstig 'n magtiging kragtens subregulasie (11) toegestaan.

(3) 'n Persoon wat magtigingsvorms (H265) wil verkry ten opsigte van 'n taxi wat hy in bedryf het, moet 'n skriftelike aansoek by die Kontroleur van Petroleumprodukte, Privaatsak X457, Pretoria (Poskode 0001), indien

(a) waarin—

(i) verskaf word die naam en adres van die aansoeker;

(ii) die registrasienommer van sodanige taxi; en

(iii) die nommer van die versekeringsverklaringteken ten opsigte van sodanige taxi vir die tydperk wat eindig op 30 April 1974 of 1975 kragtens die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, 1972 (Wet 56 van 1972), uitgereik en die groepverwysing van die versekerde motorvoertuig;

(b) wat vergesel gaan van die motortransportsertifikaat of die geldigheidsbekragtiging van motortransportsertifikaat ten opsigte van sodanige taxi vir die tydperk wat eindig op 30 Junie 1974 kragtens die Motortransportwet, 1930 (Wet 39 van 1930), uitgereik.

(4) (a) Wanneer 'n aansoek kragtens subregulasie (3) deur die Kontroleur van Petroleumprodukte ontvang word, kan hy na goeddunke magtigingsvorms (H265) aan die aansoeker uitreik wat die registrasienommer van die betrokke taxi op sodanige vorms moet aanteken.

(b) Die motortransportsertifikaat of geldigheidsbekragtiging van motortransportsertifikaat, na gelang van die geval, word tesame met die magtigingsvorms (H265) aan die aansoeker teruggestuur.

(5) 'n Herverkoper moet die volgende inligting aanteken in verband met:

(a) Enige transaksie op enige bepaalde Saterdag waarop; en

(b) enige petrolpomp deur middel waarvan;

petrol kragtens subregulasie (2) (a) verskaf word, op 'n afsonderlike bladsy van 'n boek wat deur hom verskaf en gehou word—

(i) die datum van enige sodanige Saterdag, aan die bokant van die bladsy;

(ii) die aflesing op die meter van sodanige petrolpomp soos om 4-uur en soos om 6-uur in die namiddag op sodanige Saterdag;

(iii) die groottotaal van die hoeveelhede petrol, volgens sodanige aflesings, vanaf 4- tot 6-uur in die namiddag op sodanige Saterdag kragtens subregulasie (2) verskaf;

(iv) die nommers van die magtigingsvorms (H265) teen die oorhandiging waarvan petrol verskaf is;

(v) die hoeveelheid petrol wat aan die bestuurder van enige bepaalde taxi verskaf is en die groottotaal van sodanige hoeveelhede;

(vi) die groottotaal van die hoeveelhede petrol wat kragtens subregulasie (2) (b) vanaf 4- tot 6-uur in die namiddag op sodanige Saterdag verskaf is; en

(vii) die som van die groottotale in paragrawe (v) en (vi) bedoel.

(6) The reseller concerned shall—

(a) complete the entries on the page referred to in subregulation (5) in respect of any particular Saturday not later than 10 o'clock in the afternoon of such Saturday; and

(b) keep in safe custody the authority forms (H265) against which petrol was supplied for a period of 90 days as from the date upon which the petrol was supplied.

(7) When petrol is supplied under subregulation (2) (b), the person who receives the petrol shall, at the time of the supply of the petrol, himself record the time and date of supply, the registration letters and number of the motor vehicle into the tank of which the petrol is delivered, the quantity of petrol supplied to him, his name and residential address and particulars of the journey or purpose for which the petrol is required, in a book which shall be provided and kept by the reseller and shall place his signature against the entry in such book.

(8) A reseller shall provide and keep separate books in respect of petrol supplied under subregulation (2) (a) or (b).

(9) No person shall draw or transfuse any petrol from the tank of any taxi into any other tank, container or containers.

(10) No driver of a taxi shall present and no reseller shall accept any authority forms (H265) for the supply of petrol against the surrender of such forms unless the registration number of such taxi has been recorded on such forms and no person shall record false or incorrect information—

(a) in a book referred to in subregulation (5); or

(b) in a book referred to in subregulation (7).

(11) Any magistrate is hereby authorised to grant a written authority to a specified person to receive petrol on any Saturday or Sunday indicated in the authority and to grant written authority to a reseller to supply the quantity of petrol concerned to the said person if, in the opinion of the magistrate, it is necessary that the person concerned should undertake the specific journey during a period which includes or falls within such Saturday or Sunday or both, and, when any such authority is granted, to impose such conditions by notice to the said person or reseller as he may deem expedient.

3. (1) Save on authority of a permit and subject to any condition imposed by notice to a user or consumer of petrol, no person shall—

(a) have in his possession or under his control a larger quantity of petrol than 10 litres in a container or containers other than the tank of a motor vehicle or vessel; or

(b) drive a motor vehicle in which there is more than 10 litres of petrol in a container other than the tank of the motor vehicle: Provided that no permit shall be required in respect of any petrol in the possession or under the control of—

(i) a refinery which produces petrol; or

(ii) a wholesale distributor; or

(iii) a reseller; or

(iv) a bulk consumer, if the petrol is in an underground tank; or

(v) a cartage contractor who conveys the petrol to a reseller or consumer.

(2) Subject to any condition to the contrary imposed by notice to a user or consumer of petrol, any application for a permit shall be submitted to a magistrate.

(6) Die betrokke herverkoper moet—

(a) die inskrywings op die bladsy in subregulasie (5) bedoel, ten opsigte van 'n bepaalde Saterdag nie later as 10-uur in die namiddag van sodanige Saterdag invul nie; en

(b) die magtigingsvorms (H265) teen die oorhandiging waarvan petrol verskaf is vir 'n tydperk van 90 dae vanaf die datum waarop die petrol verskaf is, in veilige bewaring hou.

(7) Wanneer petrol kragtens subregulasie (2) (b) verskaf word, moet die persoon wat die petrol ontvang self, ten tyde van die verskaffing van die petrol, die tyd en datum van verskaffing, die registrasieletters en -nommer van die motorvoertuig in die tenk waarvan die petrol gelewer word, die hoeveelheid petrol aan hom gelewer, sy naam en woonadres en besonderhede van die reis of doel waarvoor die petrol nodig is, in 'n boek aanteken wat deur die herverkoper verskaf en gehou moet word en sy handtekening teenoor die inskrywing in die boek aanbring.

(8) 'n Herverkoper moet afsonderlike boeke verskaf en hou ten opsigte van die petrol wat kragtens subregulasie (2) (a) of (b) verskaf word.

(9) Niemand mag enige petrol uit die tenk van 'n taxi in 'n ander tenk, houer of houers af- of oortap nie.

(10) Geen bestuurder van 'n taxi mag enige magtigingsvorms (H265) aanbied en geen herverkoper mag sodanige vorms aanneem vir die verskaffing van petrol teen die oorhandiging van sodanige vorms nie, tensy die registrasienommer van sodanige taxi op sodanige vorms aangeteken is en niemand mag valse of onjuiste inligting aanteken nie—

(a) in 'n boek in subregulasie (5) bedoel; of

(b) in 'n boek in subregulasie (7) bedoel.

(11) 'n Landdros word hierby gemagtig om aan 'n bepaalde persoon skriftelike magtiging te verleen om op enige Saterdag of Sondag in die magtiging aangedui petrol te ontvang en om aan 'n herverkoper skriftelike magtiging te verleen om die betrokke hoeveelheid petrol aan bedoelde persoon te verskaf, indien dit na die oordeel van die landdros noodsaaklik is dat die betrokke persoon 'n bepaalde reis moet onderneem gedurende 'n tydperk wat sodanige Saterdag of Sondag, of albei, insluit, of daarin val, en om wanneer sodanige magtiging verleen word sodanige voorwaardes by kennisgewing aan bedoelde persoon of herverkoper op te lê as wat hy dienstig ag.

3. (1) Behalwe kragtens magtiging van 'n permit en behoudens enige voorwaarde opgelê by kennisgewing aan 'n gebruiker of verbruiker van petrol, mag niemand—

(a) 'n groter hoeveelheid petrol as 10 liter in sy besit of onder sy beheer hê in 'n ander houer of houers as die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig nie; of

(b) 'n motorvoertuig bestuur waarin daar meer as 10 liter petrol in 'n ander houer as die tenk van die motorvoertuig is nie:

Met dien verstande dat geen permit vereis word nie ten opsigte van enige petrol in die besit of onder die beheer van—

(i) 'n raffinadery wat petrol produseer; of

(ii) 'n groothandelverspreider; of

(iii) 'n herverkoper; of

(iv) 'n massaverbruiker, as die petrol in 'n ondergrondse tenk is; of

(v) 'n karweier wat die petrol na 'n herverkoper of verbruiker vervoer.

(2) Behoudens enige voorwaarde tot die teendeel opgelê by kennisgewing aan 'n gebruiker of verbruiker van petrol, moet 'n aansoek om 'n permit by 'n landdros ingedien word.

(3) When any person submits an application under subregulation (2) to a magistrate—

(a) he shall furnish the information and make the statement called for on Form H262;

(b) he shall furnish such additional information and make such relevant statements as the magistrate concerned may require; and

(c) he shall not furnish false or incorrect information or make false or incorrect statements in connection with the said application.

(4) The magistrate to whom an application under subregulation (2) is submitted is hereby authorised to consider such application and to—

(a) issue a permit in his discretion to the applicant; and

(b) impose by notice to the applicant the conditions which he considers necessary and which he shall record on the permit in respect of—

(i) the currency of such permit; or

(ii) the manner in which and the purpose for which the petrol in respect of which the permit is issued may be used or conveyed; or

(iii) the premises upon which or the place in which the petrol in respect of which the permit is issued may be stored or kept.

(5) No reseller shall supply petrol and no person shall receive petrol from a reseller in a quantity in excess of 10 litres otherwise than direct into the tank of a motor vehicle or vessel, unless such person has in his possession and presents to the reseller at the time of the receipt of the petrol a permit in respect of the quantity of petrol supplied.

(6) No wholesale distributor shall supply petrol to a bulk consumer and no bulk consumer shall receive petrol from a wholesale distributor in a quantity in excess of 10 litres otherwise than into an underground tank unless the bulk consumer has in his possession and presents to the wholesale distributor at the time of the receipt of the petrol a permit in respect of the quantity of petrol supplied.

(7) No reseller or wholesale distributor shall be compelled, merely by virtue of the fact that any person may possess a permit, to supply petrol to him.

(8) No person shall have petrol in his possession or under his control in the tank of a motor vehicle or vessel if—

(a) the petrol is obviously not being used or will obviously not be used in the operation of the engine of the motor vehicle or vessel concerned; or

(b) the motor vehicle or vessel concerned is not being or will not be used for the conveyance of persons or goods.

(9) A permit shall not absolve any person from compliance with the requirements of any law relating to the handling and storage of petrol on any premises.

4. (1) Subject to any condition imposed by notice to a consumer of gas, no person shall use gas to propel a motor vehicle, excluding a fork lift, along a public road, as defined in an ordinance of the province concerned or of the Territory of South-West Africa under which road traffic is regulated, unless on the date of commencement of this regulation, the engine of such motor vehicle was designed to operate by means of gas, and comprises, without modification, the original type of engine fitted to the motor vehicle at the time of manufacture.

(3) Wanneer iemand 'n aansoek kragtens subregulasie (2) by 'n landdros indien—

(a) moet hy die inligting verstrek en die verklaring aflê, soos op vorm H262 gevra;

(b) moet hy sodanige bykomende inligting verstrek en sodanige tersaaklike verklarings aflê as wat die betrokke landdros verlang; en

(c) mag hy in verband met bedoelde aansoek geen valse of onjuiste inligting of geen valse of onjuiste verklarings aflê nie.

(4) Die landdros by wie 'n aansoek kragtens subregulasie (2) ingedien word, word hierby gemagtig om sodanige aansoek te oorweeg en om—

(a) na goeddunke 'n permit aan die aansoeker uit te reik; en

(b) by kennisgewing aan die aansoeker die voorwaardes op te lê wat hy nodig ag en wat hy op die permit aanteken ten opsigte van—

(i) die geldigheidsduur van so 'n permit; of

(ii) die wyse waarop en die doel waarvoor die petrol ten opsigte waarvan die permit uitgereik word, gebruik of vervoer mag word; of

(iii) die perseel waarop of die plek waarin die petrol ten opsigte waarvan die permit uitgereik word, opgeberg of gehou mag word.

(5) Geen herverkoper mag petrol verskaf en niemand mag petrol van 'n herverkoper ontvang in 'n hoeveelheid van meer as 10 liter anders as regstreeks in die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig nie, tensy sodanige persoon ten tyde van die ontvangs van die petrol in besit is van 'n permit ten opsigte van die hoeveelheid petrol wat verskaf word en sodanige permit aan die herverkoper toon.

(6) Geen groothandelverspreider mag petrol aan 'n massaverbruiker verskaf en geen massaverbruiker mag petrol van 'n groothandelverspreider ontvang in 'n hoeveelheid van meer as 10 liter anders as in 'n ondergrondse tenk nie, tensy die massaverbruiker ten tyde van die ontvangs van die petrol in besit is van 'n permit ten opsigte van die hoeveelheid petrol wat verskaf word en sodanige permit aan die groothandelverspreider toon.

(7) Geen herverkoper of groothandelverspreider is verplig om, bloot op grond daarvan dat iemand 'n permit besit, petrol aan hom te verskaf nie.

(8) Niemand mag petrol in sy besit of onder sy beheer in die tenk van 'n motorvoertuig of -vaartuig hê nie indien—

(a) die petrol klaarblyklik nie vir die werking van die enjin van die betrokke motorvoertuig of -vaartuig gebruik word of sal word nie; of

(b) die betrokke motorvoertuig of -vaartuig nie vir die vervoer van persone of goedere gebruik word of sal word nie.

(9) 'n Permit onthef nie enige persoon van die nakoming van die vereistes van enige wet met betrekking tot die hantering en opberging van petrol op enige perseel nie.

4. (1) Behoudens enige voorwaarde opgelê by kennisgewing aan 'n verbruiker van gas, mag niemand gas gebruik om daarmee 'n motorvoertuig, uitgesonderd laaiwerke, op 'n openbare pad, soos omskryf in 'n ordonnansie van die betrokke provinsie of van die gebied Suidwes-Afrika waarkragtens padverkeer gereël word, aan te dryf nie, tensy die enjin van sodanige motorvoertuig, op die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasie, vir die werking daarvan met gas ontwerp was en, sonder aanpassing, bestaan uit die oorspronklike soort enjin wat ten tyde van vervaardiging aan die motorvoertuig aangebring is.

(2) No person shall use fuel in a motor vehicle for the purpose of propelling such vehicle along any road at a speed exceeding the maximum speed prescribed by or under any law in respect of the said vehicle along the road in question: Provided that where the maximum speed so prescribed exceeds 80 kilometres per hour or where no maximum speed limit is prescribed in respect of any road, the speed at which the motor vehicle may so be propelled along that road shall not exceed 80 kilometres per hour.

5. Save in accordance with any exemption granted and any condition imposed by notice to a user or consumer of petrol or gas, no person shall use any petrol or gas for racing or rallying with motor cars, motor cycles, motor vessels or any other petrol or gas-propelled machine or for practice rounds in relation to such racing or rallying or for purposes of waterskiing: Provided that this prohibition shall not apply in respect of the use of petrol for the purposes of waterskiing during the first and third weekend periods of every month.

6. (1) This notice shall come into operation on 19 April 1974, and Government Notices R. 149 of 25 January 1974, and R. 398 of 8 March 1974, are hereby withdrawn with effect from the date of commencement of this notice.

(2) Any permit granted under the said Government Notice R. 149 or any exemption granted from any provision of that notice shall, subject to the conditions upon which such permit or such exemption was granted, remain valid as if that Government Notice was not withdrawn.

S. L. MULLER, Minister of Economic Affairs.

(2) Niemand mag brandstof in 'n motorvoertuig gebruik met die doel om sodanige voertuig op 'n pad aan te dryf teen 'n snelheid wat die maksimum snelheid oorskry wat by of kragtens 'n wet ten opsigte van bedoelde voertuig op die betrokke pad voorgeskryf is nie: Met dien verstande dat waar die maksimum snelheid aldus voorgeskryf 80 kilometer per uur te bowe gaan of waar geen maksimum snelheidsgrens ten opsigte van 'n pad voorgeskryf is nie, die snelheid waarteen die motorvoertuig op daardie pad aldus aangedryf mag word, nie 80 kilometer per uur mag oorskry nie.

5. Behalwe ooreenkomstig 'n vrystelling verleen en enige voorwaarde opgelê by kennisgewing aan 'n gebruiker of verbruiker van petrol of gas, mag niemand enige petrol of gas gebruik vir wedrenne of tydrenne met motorkarre, motorfietse, motorvaartuie of enige ander petrol- of gasaangedrewe masjiene of vir oefenrondtes met betrekking tot sodanige wedrenne of tydrenne of vir waterskidoeleindes nie: Met dien verstande dat hierdie verbod nie van toepassing is ten opsigte van die gebruik van petrol vir waterskidoeleindes gedurende die eerste en derde naweektydperke van elke maand nie.

6. (1) Hierdie kennisgewing tree in werking op 19 April 1974 en Goewermentskennisgewings R. 149 van 25 Januarie 1974 en R. 398 van 8 Maart 1974 word hierby met ingang van die datum van inwerkingtreding van herdie kennisgewing ingetrek.

(2) 'n Permit kragtens genoemde Goewermentskennisgewing R. 149 toegestaan of 'n vrystelling van enige bepaling van daardie Goewermentskennisgewing verleen, bly, behoudens die voorwaardes waarop sodanige permit toegestaan of sodanige vrystelling verleen is, van krag asof daardie Goewermentskennisgewing nie ingetrek was nie.

S. L. MULLER, Minister van Ekonomiese Sake.

SCHEDULE/BYLAE

PETROLKONTROLE
PETROL CONTROL
TAXIS
G.P.-S. (B)
GELDIG OP / VALID ON
TAXI — REGISTRASIE NO / REGISTRATION NO
AGT LITER / EIGHT LITERS 8L
HANDEL/COMMERCE H265
KONTROLEUR/CONTROLLER

PETROLKONTROLE
PETROL CONTROL
TAXIS
G.P.-S. (B)
GELDIG OP / VALID ON
TAXI — REGISTRASIE NO / REGISTRATION NO
AGT LITER / EIGHT LITERS 8L
HANDEL/COMMERCE H265
KONTROLEUR/CONTROLLER

PETROLKONTROLE
PETROL CONTROL
TAXIS
G.P.-S. (B)
GELDIG OP / VALID ON
TAXI — REGISTRASIE NO / REGISTRATION NO
AGT LITER / EIGHT LITERS 8L
HANDEL/COMMERCE H265
KONTROLEUR/CONTROLLER

PETROLKONTROLE
PETROL CONTROL
TAXIS
G.P.-S. (B)
GELDIG OP / VALID ON
TAXI — REGISTRASIE NO / REGISTRATION NO
AGT LITER / EIGHT LITERS 8L
HANDEL/COMMERCE H265
KONTROLEUR/CONTROLLER

# BRANDSTOFPERMIT

Wet op die verkryging van landsvoorrade 1970

BESIT OF BEHEER OOR MEER AS 10 LITER BRANDSTOF BUITE DIE TENK VAN 'N VOERTUIG/VAARTUIG WAT NOG DIENSBAAR IS EN GEBRUIK WORD

Republiek van Suid-Afrika
Republic of South Africa

# FUEL PERMIT

National supplies procurement act 1970

POSSESSION OR CONTROL OVER MORE THAN 10 LITRES OF FUEL OUTSIDE THE TANK OF A VEHICLE/VESSEL STILL SERVICEABLE AND IN USE

## AANSOEK/APPLICATION [MOET DEUR APPLIKANT INGEVUL WORD / TO BE COMPLETED BY THE APPLICANT]

1 Naam / Name

2 Adres / Address

3 Tipe brandstof / Type of fuel

4 Hoeveelheid benodig / Quantity required

5 Naam van verskaffer / Name of supplier

6 Doel waarvoor benodig en plek van opbergings- / Purpose for which required and place of storages-

7 *Verklaring / Declaration* ['n Valse verklaring is strafbaar met R2 000 en/of 2 jaar / A false declaration is punishable with R2 000 and/or 2 years]

Ek, / I, ........................................ verklaar hiermee dat bogemelde besonderhede in alle opsigte waar en juis is. / hereby declare that the above information is true and correct in all respects.

DATUM/DATE ........ HANDTEKENING/SIGNATURE ........

## MAGTIGING/AUTHORITY [SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK / FOR OFFICIAL USE ONLY]

8 Hoeveelheid brandstof toegestaan / Quantity of fuel allocated → Liters / Litres

9 Voorwaardes / Conditions

10 Geldigheidsduur / Validity period — dag maand jaar / day month year

(a) Die hoeveelheid brandstof toegestaan mag slegs verbruik word vir die doel en op die perseel(e) wat in item 6 gemeld is.

– The quantity of fuel allocated may only be consumed for the purpose and on the premises mentioned in item 6.

Ek, / I, ........ naam/name ........ hoedanigheid/designation ........

verleen hiermee magtiging aan die applikant om in sy/haar besit of beheer / do hereby grant authority to the applicant to have in his/her possession or control ........ (in woorde/in writing) liters/litres ........ (tipe brandstof/type of fuel) te hê, onder / under die voorwaardes soos uiteengesit by item 9. / the conditions as set out in item 9. Hierdie permit onthef nie die applikant van die nakoming van die vereistes van enige wet met betrekking tot die hantering en opberging van brandstof op enige perseel nie. / This permit does not absolve the applicant from compliance with the requirements of any law relating to the storage and handling of fuel on any premises.

HANDTEKENING/SIGNATURE ........

KANTOORDATUMSTEMPEL / OFFICE DATE STAMP

G.P.-S (L).

H 262

## CONTENTS

| *No.* | | *Page* |
|---|---|---|
| **Commerce, Department of** | | |
| *Government Notice* | | |
| R. 623. | National Supplies Procurement Act, 1970 | 364 |

## INHOUD

| *No.* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| **Handel, Departement van** | | |
| *Goewermentskennisgewing* | | |
| R. 623. | Wet op Verkryging van Landsvoorrade, 1970 ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 364 |

Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001